

Waarheid van die Bybelteks in gedrang?

Interaksie tussen wetenskaplike en nie-wetenskaplike Bybellees



Mark Rathbone

Wanneer ons begin praat oor interkulturele bedieningsmodelle, neem dit nie lank om te begin wonder oor hóé die Bybel geles moet word nie. Een van die grootste uitdagings van interkulturaliteit is juis wat ons maak van die konsep *sola scriptura*. Indien verskillende kulture die Bybel verskillend lees en interpreteer, is die vraag wat word van die waarheid van die teks.

Modernisme het bepaal dat die teks deur kritiese en rasionalistiese metodes ontsluit kan word. Die resultaat was waarhede wat vir alle tye en omstandighede as waar gesien is.

Die probleem is egter dat hierdie waarheid net ten dele was, met meer gewig toegesê aan 'n Westerse wêreld waarbinne die eksegetiese metodes ontwikkel het. Binne hierdie dampkring, het die wetenskaplike skool van denke ontwikkel met metodes soos die historiese kritiek, literêre kritiek en leser-respons-kritiek.

Kultuur-sensitiewe Bybellees

Ontwikkelings in strukturalisme, post-strukturalisme en dekonstruksie het die belang van kontekstualiteit en etiek in die interpretasieproses ál meer na vore laat kom. Die veronderstelling is dat 'n verskeidenheid kontekste en kulture help om dimensies van die teks te ontsluit, wat voorheen as gevolg van die beperktheid van 'n Westerse wetenskaplike benadering nie raakgesien is nie. Dit is in hierdie milieu dat interkulturele hermeneutiek gebore is as 'n kultuur-sensitiewe manier van Bybellees. Dié proses is nie anti-intellektualisties of anti-wetenskaplik nie, maar probeer om die gesprek tussen wetenskaplike lesers en nie-wetenskaplike lesers aan te moedig om sáám na die teks te luister.

“Wetenskaplike lesers” verwys na lesers wat opleiding ontvang het in wetenskaplike teorie en metodologie, merendeels geassosieer met Westerse denkskole sedert die

Aufklärung.

“Nie-wetenskaplike lesers” is lesers wat nie opleiding in wetenskaplike teorie en metodologie ontvang het nie, maar wat die Bybel vanuit hulle eie kulturele verwysingsraamwerk en kontekstuele ervarings lees. In hierdie gesprek het wetenskaplike lesers en denkskole, wat dikwels bande het met instansies soos universiteite of seminaries, die kapasiteit en bronne om nie-wetenskaplike lesers van verskillende kontekste in verbinding met mekaar te bring om die Bybel deur die oë van 'n ander te lees.

In die publikasie *Through the eyes of another: Intercultural reading of the Bible* (De Wit et al. 2004) word die resultate van so proses waaraan Bybelstudiegroepe van negentien lande en ses kontinente deelgeneem het, uiteengesit. Die doel van die projek was om Johannes 4, die verhaal van Jesus en die Samaritaanse vrou, interkultureel te lees.

Elke groep moes begin deur die teks te lees. Die interpretasies wat daaruit voortgekom het, is in die taal van die groep opgeneem.

Verder is elke groep gekoppel aan 'n ander groep op 'n ander kontinent. Die opgetekende interpretasies is vertaal en aan die ander groep gestuur om vas te stel in watter opsigte die interpretasies ooreenstem of verskil.

Die groepe se verdere opmerkings is weer eens opgeneem en vertaal en in 'n derde rondte teruggestuur aan die ander groep.

Ten slotte het teoloë die interpretasies en reaksies van die groepe bestudeer en analiseer om uit die proses te leer.

Kerkhereniging: 'n sinvolle manier

Ek was 'n sameroeper van een van die groepe en medewerker van 'n artikel in die publikasie wat uit die proses voortgevloei het. Die proses het vir my net weer bevestig hoe belangrik interkulturele lees van die Bybel in die Suid-Afrikaanse konteks kan wees. In 'n land waar mense baie jare lank van mekaar geïsoleer was, kan hierdie metode mense help om op 'n nie-bedreigende manier met mekaar kontak te maak om sáám die Bybel te lees.

Die gesprek oor kerkhereniging kan met hierdie metode op 'n sinvolle manier op voetsoolvlak gevoer word. Verder kan die *Seisoen van Luister* groot treë gee om te help dat ons na mekaar en die Bybel luister.

● *Mark Rathbone is die afgelope 10 jaar betrokke by interkulturele bediening in die NG Kerk. Hy het in 2006 sy doktorsgraad in interkulturele hermeneutiek ontvang en is tans leraar van die NG Gemeente Aasvoëlkop.*